

BESTUURSEVALUASIE VIR BOERE

ONTWIKKEL DEUR: COMPUTUS BESTUURSBURO, BK

TIK U NAAM IN ASSEBLIEF:

**Ons kantoor is geleë te Lindleystr 40, Bethlehem
Kontak ons by Tel: (058) 3039640
of per e-pos by computus@computus.co.za
Besoek ons webtuiste by <http://www.computus.co.za>**



1. ALGEMENE BESTUUR

Ja Nee

- 1.1. U kry gewoonlik die laagste oesopbrengste, minste reën of swakste pryse en is altyd aan die verkeerde kant van ekonomiese veranderinge;
- 1.2. Daar is spesifieke meetbare doelwitte (opbrengsmikpunte, skulddelging, uitbreidings, erfopvolging) vir u boerdery opgestel;
- 1.3. U kan die take beplan wat verrig moet word om u doelwitte te bereik;
- 1.4. U kan u werknemers organiseer en leiding gee om die take op die plaas te verrig;
- 1.5. U ken u boerdery se hulpbronne en span dit in ter bereiking van u doelwitte;
- 1.6. U is oop vir nuwe idees, aanvaar veranderinge as normaal en pas daarby aan;
- 1.7. U is betrokke by alle aktiwiteite van die boerdery maar probeer nie noodwendig alles beheer nie;
- 1.8. U kan nuwe idees identifiseer en implementeer;
- 1.9. U kan geleenthede en bedreigings vir die boerdery identifiseer;
- 1.10. U weet wat die boerdery se sterk- en swakpunte is.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

2. FINANSIËLE BESTUUR

Ja Nee

- 2.1. U sal aanhou skuld maak solank as wat die bank dit vir u aanbied;
- 2.2. U maak nie skuld om inkomstebelasting te vermy nie en betaal ten minste inkomstebelasting op 'n gedeelte van u inkomste;
- 2.3. U weet wat solvabiliteit beteken en wat u eie boerdery se solvabiliteit is;
- 2.4. U weet wat rentabiliteit beteken en wat u eie boerdery se rentabiliteit is;
- 2.5. U neem deurlopend finansiële besluite en nie net aan einde van die finansiële jaar wanneer u belastingprobleme het nie;
- 2.6. Wanneer u skuld maak, koppel u die terugbetaling van 'n lening aan die lewensverwagting van die bate;
- 2.7. U onderhandel vir die beste rentekoerse, terugbetaaltermyne en sekuriteitsvereistes wanneer u skuld aangaan;
- 2.8. U boerdery het vir ten minste vier uit die laaste vyf jaar 'n wins gemaak
- 2.9. U koop onproduktiewe bates (privaat motor, dvd-speler, motorboot) met kontant en gaan slegs skuld aan om produktiewe bates te koop (grond, trekkers, ens);
- 2.10. U besin deeglik oor die koste en die voordele van nuwe tegnologie voordat u dit aanskaf.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

3. PRODUKSIEBESTUUR

Ja Nee

- 3.1. U beplan vir maksimum produksie ongeag of dit winsgewend is of nie;
- 3.2. U boerdery is groot genoeg om voldoende produksie te kan lewer sodat die vaste koste betaal kan word;
- 3.3. U weet wat die kritiese boerdery-aktiwiteite is en monitor die uitvoering daarvan gereeld;
- 3.4. U volg 'n werksprogram in 'n spesifieke volgorde en elke aktiwiteit word op 'n bepaalde tydstip voltooi;
- 3.5. U weet wat die minimum hoeveelheid is wat van 'n produk geproduseer moet word om dit winsgewend te maak;
- 3.6. U het kontrole oor voorraadaflewerings (saad, kunsmis, pakmateriaal) en dit is gesinkroniseer met u boerdery-aktiwiteite;
- 3.7. U monitor die kwaliteit van die boerdery-aktiwiteite (bewerkings, veebehandelings, ens,) en stel probleme dadelik reg;
- 3.8. U het die vertakkings van u boerdery in 'n optimale produkkombinasie saamgevoeg;
- 3.9. U implementeer nuwe tegnologie op 'n gereelde basis;
- 3.10. U behoort aan 'n studiegroep.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

3.1. GEWASPRODUKSIE

Merk met 1 indien van toepassing!

Ja Nee

- 3.1.1. U plant elke land op die plaas, ongeag die potensiaal daarvan;
- 3.1.2. U lande is gekarteer;
- 3.1.3. U lande se grondsoorte en gronddieptes is bepaal;
- 3.1.4. U lande word jaarliks ontleed vir grondsuurheid, vog en grondverdigting;
- 3.1.5. U onkruid- en plaagprogram word in oorleg met kundiges beplan;
- 3.1.6. U bepaal elke jaar plantdatums en plantdigthede vir elke gewas;
- 3.1.7. U hou binne die normale plantdatums;
- 3.1.8. U pas 'n wisselboustelsel toe;
- 3.1.9. U gewasse, cultivars en opbrengsmikpunte word jaarliks heroorweeg;
- 3.1.10. U pas presiesieboerdery toe.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

3.2. VEEPRODUKSIE

Merk met 1 indien van toepassing!

Ja **Nee**

- 3.2.1. U het geen spesifieke teelseisoen nie en die bulle of ramme loop die hele jaar in die kudde;
- 3.2.2. U het die voorgeskrewe aantal ooie/koeie per ram/bul;
- 3.2.3. U het 'n definitiewe geskrewe dip- en doseerprogram vir u kudde;
- 3.2.4. U toets die bulle/ramme vir vrugbaarheid en geslagsiektes voor teling;
- 3.2.5. U koop jong bulle/ramme van gerespekteerde telers;
- 3.2.6. U toets vroulike diere vir dragtigheid na elke teelseisoen;
- 3.2.7. U selekteer vervangingsdiere vir spesifieke eienskappe;
- 3.2.8. U weeg u kalwers/lammers by speen en dan weer gereeld daarna;
- 3.2.9. U identifiseer en prul diere wat onderpresteer;
- 3.2.10. U gee byvoeding en aanvullings volgens tekorte in u voervloei-program.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

3.3. MELKPRODUKSIE

Merk met 1 indien van toepassing!

Ja **Nee**

- 3.3.1. U melkstal word meestal deur die arbeiders beman sonder behoorlike bestuurstoetsing;
- 3.3.2. U weet wat elke koei se daaglikse melkproduksie is;
- 3.3.3. Die meeste van u koeie raak met die eerste dekking weer dragtig;
- 3.3.4. U beplan vooruit wat elke maand se kuddesamestelling gaan wees (koeie in melk, droog, verse, ens.);
- 3.3.5. U het 'n baie lae somatiese seltelling;
- 3.3.6. U weet wat dit kos om een liter melk te produseer;
- 3.3.7. U weet wat elke koei se tussenkalfperiode is;
- 3.3.8. U selekteer en prul diere volgens spesifieke eienskappe;
- 3.3.9. U het baie goeie kontrole om mastitisgevalle vroegtydig te identifiseer;
- 3.3.10. U konsulteer gereeld met kundiges oor voersamestellings en melkproduksie.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

3.4. WEIDINGPRODUKSIE

Merk met 1 indien van toepassing!

Ja **Nee**

3.4.1. U plaas is nie in kampe verdeel nie en die vee loop waar hulle wil;

3.4.2. U veelading is in ooreenstemming met die plaas se drakrag;

3.4.3. U benut weidings volgens kuddesamestellings en 'n voervloeioprogram;

3.4.4. U pas beheerde selektiewe beweiding toe;

3.4.5. U weiding kry genoeg kans om te rus nadat dit beweï was;

3.4.6. Tekorte in u voervloei word met aangeplante weidings aangevul;

3.4.7. U plant groenvoer in gevolge goeie bewerkingspraktyke en vodbewaring;

3.4.8. U het 'n opgeboude voerbank;

3.4.9. U maak voldoende voorbrande;

3.4.10. U weet watter grassoorte op u plaas voorkom en wat hulle weidingswaarde is.

4. BEMARKINGSBESTUUR

Ja **Nee**

4.1. U is 'n passiewe prysnemer wat geen bemerking doen nie en u aanvaar maar die prys wat tydens oestyd geld;

4.2. U neem elke jaar die oordragvoorraad van produkte in ag wanneer daar besluit word wat om vir die komende seisoen te produseer;

4.3. U bepaal die gelykbreekprys van 'n produk voordat daar bemark word;

4.4. U neem verskillende bemarkingsopsies in ag voordat 'n besluit geneem word;

4.5. U stel prysdoelwitte vir verskillende tye van bemerking (plant, bestuiwing, oes) aan die begin van 'n seisoen op;

4.6. U neem besluite op goeie oordeel en nie met u emosies nie;

4.7. U kry op 'n gereelde basis markinligting (per faks, e-pos, SMS);

4.8. U hou u kontantvloei in gedagte by die bemerking van u produkte;

4.9. U maak ook van alternatiewe kanale vir bemerking gebruik (direk aan kopers, voerkrale, spesiale verpakings, ens.);

4.10. U beplan vooraf hoeveel van 'n produk op 'n gegewe tydstip bemark moet word.

5. PERSONEELBESTUUR

Ja Nee

- 5.1. U dink nie plaaswerkers speel 'n belangrike rol in die sukses van u boerdery nie;
- 5.2. U voer behoorlike onderhoude met nuwe werknemers en gaan hulle verwysings na voordat u hulle aanstel;
- 5.3. U het 'n behoorlike posbeskrywing vir elke werknemer op die plaas;
- 5.4. U het 'n skriftelike dienskontrak vir elke plaaswerker;
- 5.5. U is self of deur middel van 'n konsultant op hoogte van arbeidswetgewing;
- 5.6. U pas die voorskrifte van arbeidswetgewing op u plaas toe;
- 5.7. U is geneig om eerder u werkers te lei as om hulle soos slawe aan te dryf;
- 5.8. U kontroleer die werk wat gedoen word en nie die mense wat dit doen nie;
- 5.9. U delegeer opdragte en gee opdragte vooruit aan werkers tydens gereelde vergaderings;
- 5.10. U neem die beskikbaarheid van losarbeid in ag wanneer u 'n seisoen se beplanning doen.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

6. AANKOOPBESTUUR

Ja Nee

- 6.1. U wag vir die eerste reën en jaag dan in dorp toe om skare, saad en kunsmis te koop;
- 6.2. U kontroleer die hoeveelhede en die korrektheid van produkte tydens afleverings;
- 6.3. U beplan die aankope van produksiemiddele vir elke gewas voordat die seisoen begin;
- 6.4. U doen prysvergelykings voordat u enige aankope doen en beding vir kortings;
- 6.5. U doen groot aankope op bestelvorms en kontroleer daarna die faktuurpryse op u rekening;
- 6.6. U sorg dat afleveringsdatums met u boerdery-aktiwiteite gesinkroniseer is;
- 6.7. U vermy groot hoeveelhede kunsmis of pakmateriaal wat oorbly nadat 'n gewas geplant is;
- 6.8. U selekteer verskaffers en bou langtermyn verbintenisse met hulle op;
- 6.9. U hou kontrole van voorraad op hande en weet hoeveel om weer te bestel as voorraaditems op hul minimumvlakke is;
- 6.10. U oorweeg verskillende finansieringsopsies vir die aankoop van kapitaalitems.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

7. MEGANISASIEBESTUUR

Ja Nee

7.1. U trekkers se uurmeters werk lankal nie meer nie en u kan ook nie onthou wanneer laas elke trekker 'n behoorlike diens gehad het nie;

7.2. U dra sorg dat elke bewerking teen die regte ratverhouding en spoed gedoen word;

7.3. U het 'n onderhouds- en instandhoudingsprogram vir u trekkers;

7.4. U dra sorg dat elke trekker se banddruk en gewigte korrek is;

7.5. U hou volledig rekord van elke trekker se dieselverbruik;

7.6. U het voldoende trekkerkapasiteit vir dié periode wanneer die meeste bewerkings in die kortste tydsduur verrig moet word;

7.7. U beplan aan die begin van die seisoen watter bewerkings op watter tyd gedoen moet word;

7.8. U weet wat u meganisasiekoste vir elke gewas is;

7.9. U het 'n definitiewe vervangingsbeleid en oorweeg verskeie finansieringsopsies by die aankoop van nuwe masjinerie;

7.10. U doen olie-analises om slytasie op trekkermasjiene te bepaal.

8. RISIKOBESTUUR

Ja Nee

8.1. U glo nie aan versekering nie en dink nie dat onvoorsiene skade 'n groot finansiële impak op u boerdery kan hê nie;

8.2. U neem berekende maar nie onverskillige risiko's nie;

8.3. U boerdery is in verskillende vertakkings gediversifiseer;

8.4. U erken dat dit soms nodig is om kanse te waag;

8.5. U verskans goeie pryse eerder as om vir die hoogste pryse te gaan;

8.6. U hou altyd 'n "nooduitgang" oop indien sekere planne skeefloop;

8.7. U oorweeg verskeie positiewe en negatiewe opsies tydens u besluitneming;

8.8. U monitor die boerdery se aktiwiteite om probleme betyds te identifiseer;

8.9. U weet hoeveel risiko u boerdery kan dra (kontantvloei, skuld, oesverlies, lewensverlies);

8.10. U het gebeurlikheidsplanne in plek.

9. ADMINISTRATIEWE BESTUUR

Ja Nee

- 9.1. U glo nie daaraan om papiere te liasseer nie;
- 9.2. U het 'n dagboek waarin alle afspraak opgeteken word;
- 9.3. U skeduleer take in daaglikse, weeklikse, maandelikse en jaarlikse skedules;
- 9.4. U ruim gereeld (weekliks, maandeliks) tyd in om administratiewe take af te handel;
- 9.5. U maak aantekeninge of hou notule tydens belangrike vergaderings wat op u boerdery betrekking het;
- 9.6. U sorteer dokumente in prioriteitsvolgorde (afgehandel, onafgehandel, hangende) voordat dit geliasseer word;
- 9.7. U liasseerstelsel groepeer verwante dokumente in spesifieke afdelings (finansieel, produksie, personeel, korrespondensie);
- 9.8. U liasseerstelsel maak die opsoek en herwinning van dokumente maklik;
- 9.9. U het 'n spesifieke kantoor waar administratiewe take behartig word en het goeie kommunikasiekanale (telefoon, faks, selfoon, e-pos);
- 9.10. U het 'n kantoordame wat op 'n gereelde basis by u werk.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

10. VOLHOUBARE BESTUUR

Ja Nee

- 10.1. U is tevrede met die boerdery soos hy tans daaruit sien en glo nie dat daar nog ruimte vir verbetering is nie;
- 10.2. U het 'n langtermyn plan vir u boerdery;
- 10.3. U probeer die natuurlike status van u plaas instand hou deur gereelde bekalking, beheer van indringerplante en die beheer van gronderosie;
- 10.4. U probeer die oorsake van probleme regstel en nie net die simptome nie;
- 10.5. U ontleed die impak van 'n enkele besluit op die res van die boerdery;
- 10.6. Elkeen van u besluite word geneem om uiteindelik die totale boerdery te verbeter;
- 10.7. U monitor die boerdery-aktiwiteite gereeld binne die konteks van die boerdery se doelwitte en beginsels;
- 10.8. Veranderinge aan u boerdery word gedoen omdat daar of 'n aanhoudende probleem bestaan of omdat daar 'n geleentheid vir die boerdery bestaan;
- 10.9. U onderlinge boerderyvertakkings, en -praktyke word met verloop van tyd voortdurend aangepas om die doeltreffendheid van die totale boerdery te verbeter;
- 10.10. U het substansiële beleggings of bates buite die landbou.

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

11. ERFOPVOLGING

Ja Nee

Ja Nee

- 11.1. U testament is nie gedurende die afgelope drie jaar hersien nie;
- 11.2. U het 'n teikendatum wanneer u finaal uit die boerdery wil tree;
- 11.3. U besluit self oor die opneem van lewenspolisse en laat u nie deur die makelaar oortuig nie;
- 11.4. U het voldoende voorsiening vir u vrou en minderjarige kinders gemaak sou u ontydig afsterf;
- 11.5. U het nog nie werklik besin in watter besigheidsvorm (eenmansaak, BK, maatskappy, trust) u boerdery na die volgende geslag oorgedra gaan word nie;
- 11.6. U het 'n definitiewe plan waarvolgens die bestuursfunksies met verloop van tyd na die volgende geslag oorgedra gaan word;
- 11.7. U het 'n definitiewe plan waarvolgens eienaarskap van die bates aan die volgende geslag oorgedra gaan word;
- 11.8. U is bewus van konflikareas wat tussen familieledede tydens erfopvolging kan ontstaan en het so ver moontlik reeds oplossings daarvoor gevind;
- 11.9. U het op 'n regverdige wyse vir nie-boerende kinders voorsiening gemaak sonder om die boerdery se voortbestaan in die gedrang te bring;
- 11.10. U het u erfopvolgingsplan vooraf met u familie en konsultante bespreek en hulle insette is daarin geakkomodeer.

12. BESTUURSINLIGTING

- 12.1. U voel die jaarlikse finansiële state wat u boekhouer/ouditeur vir u opstel is voldoende inligting om boerderybesluite mee te neem;
- 12.2. U besluite word geneem op tydige en akkurate inligting;
- 12.3. U weet wat die produksiekoste van elkeen van u vertakkings is;
- 12.4. U stel elke jaar vertakkingsbegrotings vir elke gewas op;
- 12.5. U het 'n geskiedenis van elke vertakking se produksie en finansiële resultate;
- 12.6. U doen vergelykings van u boerderyvertakkings met mekaar;
- 12.7. U doen vergelykings van u boerderyvertakkings teenoor vorige jare;
- 12.8. U doen vergelykings van u boerdery se resultate met dié van ander boere;
- 12.9. U stel 'n gedetailleerde begroting aan die begin van elke produksiejaar op;
- 12.10. U stel 'n begrotingsafwykingsverslag op.

EVALUASIE VAN BESTUURSTERREINE

	Punt/10
1. ALGEMENE BESTUUR	<input type="text"/>
2. FINANSIËLE BESTUUR	<input type="text"/>
3. PRODUKSIEBESTUUR	<input type="text"/>
3.1. GEWASPRODUKSIE	<input type="text"/>
3.2. VEEPRODUKSIE	<input type="text"/>
3.3. MELKPRODUKSIE	<input type="text"/>
3.4. WEIDINGPRODUKSIE	<input type="text"/>
4. BEMARKINGSBESTUUR	<input type="text"/>
5. PERSONEELBESTUUR	<input type="text"/>
6. AANKOOPBESTUUR	<input type="text"/>
7. MEGANISASIEBESTUUR	<input type="text"/>
8. RISIKOBESTUUR	<input type="text"/>
9. ADMINISTRATIEWE BESTUUR	<input type="text"/>
10. VOLHOUBARE BESTUUR	<input type="text"/>
11. ERFOPVOLGING	<input type="text"/>
12. BESTUURSINLIGTING	<input type="text"/>

Die punt uit tien vir elke afdeling is 'n aanduiding hoe goed u elke terrein van u boerdery bestuur. Die sterk en swakpunt van u bestuursvaardighede ten opsigte van al die terreine behoort baie duidelik uit hierdie punte na vore te kom.

Nasieninstruksies:

By vraag 1 van elke afdeling (Bv 3.1) moet u die NEE antwoord by die res van die vrae (Bv 3.2 tot 3.10) se JA antwoorde tel en die punt dan in die ooreenstemmende blokkie skryf. U tel dus slegs die JA antwoorde van vraag 2 tot 10 in elke afdeling en voeg 'n NEE antwoord van vraag 1 daarby. Alle vraag 1's se antwoorde moet dus NEE wees en alle vrae 2 tot 10's se antwoorde moet JA wees om 'n punt te kan verwerf.

Kontak COMPUTUS gerus by (058) 3039640 indien u enige vrae het of indien u die resultate met ons wil bespreek.

EVALUASIE VAN BESTUURSVAADIGHEDE

	Punt	UIT	Totaal	=	P/T %
1. VERPLIGTE VAARDIGHEDE	<input type="text"/>		<input type="text"/>	=	<input type="text"/> %
2. BASIESE VAARDIGHEDE	<input type="text"/>		<input type="text"/>	=	<input type="text"/> %
3. GEVORDERDE VAARDIGHEDE	<input type="text"/>		<input type="text"/>	=	<input type="text"/> %
4. GESOFISTIKEERDE VAARDIGHEDE	<input type="text"/>		<input type="text"/>	=	<input type="text"/> %
TOTAAL	<input type="text"/>		<input type="text"/>	=	<input type="text"/> %

Afdeling 1 verteenwoordig verpligte vaardighede wat u op elke bestuursterrein móét uitvoer. U móét dus volpunte in hierdie afdeling kry. Indien u punte hier verloor het moet u in die vrae gaan seker maak waar u in hierdie afdeling JA geantwoord het en dit onmiddelik in u boerdery gaan regstel.

Afdeling 2 verteenwoordig die basiese bestuursvaardighede. U behoort hier ook volpunte te behaal. Maak seker waar u punte verloor het en stel dit reg in u boerdery.

Afdeling 3 verteenwoordig gevorderde bestuursvaardighede. Indien u hier 'n hoë persentasie behaal het, is dit 'n teken dat u oor bogemiddelde bestuursvaardighede beskik en meer as die nodige doen om u boerdery reg te bestuur. 'n Punt van 50% en beter is aanvaarbaar.

Afdeling 4 verteenwoordig die gesofistikeerde bestuursvaardighede. Indien u hier 'n hoë persentasie behaal het, is u aan die voorpunt van boerderybestuur. U het al die bestuursvaardighede onder die knie, u is innoverend en u implementeer vernuwings in u boerdery. 'n Punt van 25% en beter is aanvaarbaar.

U **totale** persentasie moet ten minste 60% wees. U beskik dan oor die minimum vaardighede wat nodig is om 'n boerdery te bestuur.

Nasieninstruksies:

In hierdie afdeling moet u al die NEE antwoorde by al die vraag 1's bymekaar tel en dit teenoor die Verpligte Vaardighede se Punt invul. Daarna moet u in elke afdeling die JA antwoorde by vrae 2 tot 4 bymekaar tel en dit teenoor Basiese Vaardighede se Punt invul. Daarna moet u vrae 5 tot 7 se JA antwoorde in elke afdeling bymekaar tel en dit teenoor Gevorderde Vaardighede se Punt invul. Doen nou dieselfde met elke JA antwoord van vrae 8 tot 10 in elke afdeling en vul dit teenoor Gesofistikeerde Vaardighede se Punt in.

Die totaal van elke afdeling sal afhang van die voltooide gedeeltes by Produksiebestuur se onderafdelings. Trek 1 punt van 16 af by Verpligte Vaardighede vir elke onderafdeling wat NIE voltooi is nie. Trek 3 punte af van 48 vir elk van die ander totale vir elke onderafdeling wat nie voltooi is nie.

Voorbeeld:

U het slegs Veeproduksie en Weidingproduksie onder Produksiebestuur voltooi omdat u nie gewasse of 'n melkery het nie. Die totale word dan soos volg bereken:

- Verpligte Vaardighede se totaal is $16 - 2 = 14$;
 - Basiese Vaardighede se totaal is $48 - 6 = 42$;
 - Gevorderde Vaardighede se totaal is $48 - 6 = 42$;
 - Gesofistikeerde Vaardighede se totaal is $48 - 6 = 42$;
- Die Totaal is $14 + 42 + 42 + 42 = 140$.

U kan dan die persentasies vir elke totaal voltooi deur die Punt met die Totaal te deel en dit met 100 te vermenigvuldig.

Kontak COMPUTUS gerus by (058) 3039640 indien u enige vrae het of indien u die resultate met ons wil bespreek.